## VAN STAMVERWANTE BODEM

Die Jaarverslag 1959-1960 van die *Museum voor Land- en Volkenkunde* (Rotterdam) het ook verskyn. Ons is getref deur die groot aantal aanwinste uit die *Lemaire-versameling* (bl. 13) met betrekking tot Bantoegebruiksvoorwerpe en -sierade waarmee die museum verryk is. 'n Aantal voortreflike afbeeldings verlug die teks.

Aan Avelgem, veral bekend as woon- en werkplek van die bekende Vlaamse skrywer Frank Lateur (Stijn Streuvels), het *G. Oost* en *M. Deceukelier* 'n bydrae, *Waar Lateur Streuvels werd,* in *De Toerist* (Aug. 1963, Antwerpen) gewy. Die geskiedenis van hierdie Vlaamse nedersetting gaan terug tot die negende eeu. In die bydrae is wetenswaardighede oor die verlede van Avelgem verwerk.

In die Junie-uitgawe van dieselfde blad is aandag gewy aan die verlede en hede van *Nieuwpoort,* die Vlaamse vissershawe aan die IJzer wat veral bekendheid in die wêreldgeskiedenis verwerf het aan die begin van die Eerste Wêreldoorlog. Deur die sluise oop te maak is die IJzerstreek in 1914 oorstroom waardeur die Duitse opmars gestuit is. Monumente soos die *Koning Albertmonument* en die *Gedenkteken van die slag aan die IJzer* en die *Oorlogsmuseum Nieuwpoort 1914-1918* herinner aan hierdie gebeurtenisse van weleer. Die bydrae is deur *Clemens Cusse* saamgestel.

In *Antwerpen* (jg. 9, nr. 2, Julie 1963) kom 'n drietal belangrike bydraes voor, te wete: *De vrijkoping van de Scheldetol in 1863* (L. Delwaide), *Muziekdrukken van de zestiende eeuw* (G. Persoons, H. D. L. Vervliet) en die vierde bydrae in die reeks *De Kruisafneming van Rubens* (J. v.d. Nieuwenhuizen). Hierdie belangrike artikels is almal ryklik verlug.

In nr. I, jg. II (1963) van die *Bulletin van het Rijksmuseum* (Amsterdam) is 'n bydrae gewy aan die heengaan van *dr. R. van Luttervelt,* in lewe konservator van die afdeling Vaderlandse geskiedenis, 'n begaafde skrywer en organiseerder van diverse belangrike tentoonstellings. In aflewerings nr. 3, deel XIII (1962) en nr. I, deel XIV (1963) van die *Bulletin Museum Boymans-van Beuningen* (Rotterdam) kom artikels voor oor 'n paar tekeninge van *Rubens,* 'n skildery van *B. Strozzi,* 'n beskrywing oor werke van *F. en G. van Valckenborch* (1570-1622) en 'n pastel van *J. F. Millet* wat in 1838 of 1839 vervaardig is. Soos altyd is die uitgawes van uitstekende afbeeldings voorsien.

*Herinneringen aan Nederlands onafhankelijkheid Amsterdam* 1813-1863-1913 is die titel van afl. 7, jg. 15 (1963) van *Ons Amsterdam.* Hierdie uitgawe is ryk geïllustreer en uit die groot aantal afbeeldings van historiese waarde kry die leser 'n indruk van die gebeurtenisse van 1813 en hoe hierdie gebeurtenis, die vrywording van Nederland, later gevier is. Belangrik is die proklamasies van 1813, interessant 'n afbeelding van die *Hulpboekje om de Russen en Kosakken goed te verstaan,* van dieselfde jaar.

*Nederland is geen land van historische herdenkingen. De viering van de bevrijding van* 1813 *leeft niet bij de bevolking,* aldus die redaksie van „Neerlandia" (Nov. 1963). Dit kan betreur word as 'n tekort aan historiese en nasionale besef of toegejuig word as 'n *bewijs van gezonde levenskracht van een volk dat niet omkijkt.* Die skrywer van die inleidingsartikel, wat verder geen kant in hierdie aangeleentheid kies nie, beklemtoon dat hy alleen 'n feit konstateer. Die inhoud van die genoemde uitgawe staan in die teken van die gebeurtenisse in 1813 in Nederland (J. Steur), die houding in Vlaandere (A. J. Vermeersch) en die bevryding van 'n deel van die toenmalige Nederlandse kolonies (dr. W. A. Veenhoven). Van die hand van eersgenoemde skrywer het in die bekende

*Bijdragen en Mededelingen van het Historisch Genootschap* (deel 77) die aantekeninge van 'n tydgenoot (Hendrik baron Collot d'Escury, bl. 203-238) oor die Novemberdae van 1813 verskyn. Daaruit blyk dat onsekerheid en 'n weifelende houding kenmerkend was wanneer daar op die optrede van meer as een Nederlander in November 1813 gelet word. In dieselfde uitgawe van die *Bijdragen en Mededelingen* het J. van Heijst 'n geslaagde poging aangewend om op grond van briewe en ander dokumente tot 'n ontleding van die karakter van die bekende Nederlandse historikus prof. dr. Robert J. Fruin (1823-1899) te kom (bl. 239-392, met stamboom). In brief nr. 50 (bl. 306-307) word verwys na Fruin se artikel *Een Hollandsch woord over de Transvaal-quaestie*" (5.3.1881).

'n Nuwe museologiese hulpmiddel, 'n draagbare bandopnametoestel wat as die meganiese gids beskryf word, het sy intrede in die bekende Antwerpse museum Plantin-Moretus gedoen (Antwerpen, jg. 10, nr. 3, Sept. 1963, bl. 94 e.v., D.V.-R.D.B.). Hierdie hulpmiddel met tekste in verskillende tale en vir uiteenlopende leeftydsgroepe en ontwikkelingspeile word as 'n groot sukses beskou. Op dié wyse het dit moontlik geword om die aantal rondleidings te verdubbel. Vir ons museums veral met betrekking tot groeprondleidings verdien hierdie nuwe metode ongetwyfeld nadere bestudering, veral nadat die aanvanklike moeilikhede in die buiteland grondig bestudeer en oorwen is.


Ofskoon die rolprentproduksie in Nederland klein is, word daar op die gebied van dokumentêre en kortrolprente voortreflike werk verrig. Dit is 'n gevolgtrekking waartoe prof. dr. H. J. Prakke, van die Instituut vir Publisistiek van die Wesfaalse universiteit (Münster) gekom het by geleentheid van die Nederlandse rolprentdae wat deur hom aan die genoemde universiteit gereël is. Die lesings wat by dié geleentheid gehou is, is onder die titel *Film in den Niederlanden* (Assen, 1963) beskikbaar.

In *De Nederlandsche Leeuw* (Den Haag, Nov. 1963) word op bl. 420-421 verwys na A. Rosenkranz se studie *Das Evangelische Rheinland* (deel 2), waarin o.m. verteenwoordigers van die volgende geslagte voorkom: Van Alphen, Manger, Mostert (Siniapus), Du Pré, Reitz, Ross en Tulleken. In dieselfde uitgawe word C. Pama se jongste verwerking van Rietstap se bekende *Handboek der Wapenkunde* (Leiden, 1961) ook bespreek.

Die voormalige Nederlandse ambassadeur in ons land, dr. Jan van den Berg, het in September j.l. die onderwerp *Onze erfenis in Zuid-Afrika* vir die afdeling Den Haag van die A.N.V. uiteengesit, aldus die Oktoberuitgawe (1963) van *Neerlandia.* Besonderhede aangaande die rede is nie by die vermelding opgeneem nie. In die *Bulletin* van die Amsterdamse Ryksmuseum (jg. II, nr. 2, 1963) is deur C. J. de Bruyn Kops 'n uitvoerige bespreking gewy aan die jare wat die Nederlandse skilder B. C. Koekkoek (1803-1862) in sy geboorteland gewerk het tot sy vestiging in Kleef (Duitsland, 1834).

Met betrekking tot die baardmankruike is na aanleiding van resente vondse in Amsterdam (*Ons Amsterdam,* jg. 15, nr. 6, Junie 1963, bl. 162 e.v.) besonderhede oor die herkoms en vervaardiging van hierdie erdewerksoort (Keulen) vermeld.

Jan Ploeger.



# Staal vir Vooruitgang!

Staal is die fondament waarop ekonomiese vooruitgang in elke moderne land gebou word. In Suid-Afrika word verreweg die grootste deel van alle staalbenodigdhede deur die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie, Beperk (YSKOR), gelewer.

Van 'n aanvanklike produksievermoë van slegs 180,000 gietblokton staal in 1934, het YSKOR ontwikkel tot 'n sleutelbedryf wat tans teen 'n peil van meer as 2,350,000 gietblokton per jaar produseer . . . en dié syfer styg nog steeds!

Ten einde tred te hou met die toenemende vraag na staal, het die Korporasie 'n nuwe uitbreidingskema aangepak wat ongeveer R560-miljoen sal kos en sy jaarlikse produksievermoë binne tien jaar sal verhoog tot sowat 4,500,000 gietblokton.

So lewer YSKOR 'n belangrike bydrae tot die land se ekonomie. Sy staalproduksie bespaar waardevolle buitelandse betaalmiddele vir Suid-Afrika en voorsien plaaslike verbruikers van 'n allernoodsaaklikste materiaal teen pryse wat heelwat laer is as dié van ingevoerde staal. Daarbenewens is die gehalte van YSKOR-staal van die beste ter wêreld.

**SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK**

HOOFKANTOOR: POSBUS 450 PRETORIA

# *Uit ons Geskiedenis is 'n Nasie gebore!*

Die Poskantoor dien nie net die publiek nie,

hy dien

## DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Diens in die Poskantoor as poskantoorklerk of tegnikus, is diens aan u land.

**U word verseker van**

- ★ 'N GOEIE SALARIS
- ★ RUIM VERLOFVOORREGTE
- ★ 'N GOEIE OPLEIDING
- ★ 'N PENSIOEN BY UITDIENSTREDING
- ★ SPOORWEGKONSESSIES
- ★ 'N MEDIESE SKEMA
- ★ 'N BEHUISINGSLENING

**U plaaslike Posmeester sal nadere besonderhede verstrek.**